Shepherd Sentrum

In 2006 stig Dr. Gerhard Botha *Shepherd* en aanvaar verantwoordelikheid vir die Teologiese Fakulteit se ondersteuning aan Christelike gemeentes en geestelike leiers in alle gemeenskappe.

Wie is ons?

Shepherd, is die Sentrum vir die Begeleiding van Geestelike Leiers, by die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Vrystaat. *Shepherd* is verantwoordelik is om na die gemeenskappe toe uit te rei, veral die geloofsgemeenskappe.

Die Sentrum spesialiseer in die volgende:

- Berading aan geestelike leiers.
- Vestiging van 'n eenstopdiens van opleiding.
- Bestuurs- en leierskapontwikkeling vir geestelike leiers.
- Toerusting van geestelike leiers om verandering proaktief te bestuur.
- Navors van tendense wat op geestelike leiers en gemeentes 'n uitwerking mag hê.
- Vestiging van 'n verskaffersnetwerk en databasis.

Ons missie

- om proaktief kortkursusse en werksessie van 'n hoe standaard en relevansie aan te bied. Dit verseker dat die vaardighede en kompetensies van geestelike leiers voortdurend opgeskerp word en dat hulle effektief bybly met die grondige verandering en innovasies in hulle omgewing.
- Om reaktief hulp aan geestelike leiers wat hulle in 'n geestelike doodloopstraat bevind m.b.t. hulle persoonlike lewe en gemeentes.

Shepherd help gemeentes en predikante om: "Te weet, te wees, te dien en te doen."

Om te weet: Al die kennis wat ons, gemeente en of predikant reeds opgedoen het of verder van wil weet word hieronder verstaan. Kursusse en ondersteuning sal dus aspekte soos teologie, kennis van konteks en teks insluit. M.a.w. die ***wat*** van die bediening.
Om te wees: Hier is die gemene deler spiritualiteit. Roeping, geloofsvorming en my en ons reis saam met God se Woord en Gees. Die ***wees*** in die bediening.
Om te doen: Die bediening vereis 'n verskeidenheid van vaardighede en hierdie vaardighede kan in die meeste gevalle aangeleer en verfyn word. Die ***hoe*** van die bediening.
Om te dien en te doen: Wanneer ek enige gegewe oomblik gemeente of bedienaar van die woord is, word ek dienskneg. Hier word ek die geestelike leier, die verteenwoordiger van Christus, die draer van die reëls van die Koninkryk van die hemele. My leierskap, visie en oorgawe aan die bediening van die

versoening raak nou gevestig. Binne die konteks met die beste verstaan van die teks, maak ék die verskil.
VBO-Voetspoor-registrasie

My VBO-Voetspoor

Punte vir VBO word per SMS elektronies geboekstaaf en wel op die wyse hieronder beskryf. Die verantwoordelikheid berus by die individu. Die betrokke sentrums in die verskillende streke kan u egter bystaan.

Registrasie as *CPD Solutions*-gebruiker vir VBO

ALLE GEBRUIKERS (VORIGE EN NUWE), SIEN ASSEBLIEF STAP 4

Stap 1: Stoor die volgende kort nommer op u selfoon onder"VBO-Krediete." ***CPD Solutions* SMS kort nommer: 31029**

Stap 2: Registreer as nuwe gebruiker: Stuur 'n SMS wat slegs die letter **r** (dit staan vir **registreer**) bevat na 31029. Die stelsel sal aan u 'n sms terugstuur wat as volg lyk: title=...initials=...surname=...profreg=...id=...COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

Stap 3: Voltooi u besonderhede en stuur aan (forward) na 31029: Die oorspronklike teks en =teken moet steeds deel van u SMS uitmaak. Vul u eie besonderhede in waar die spasies in die SMS gelaat is. VBO-gebruikers los die profreg= veld skoon en vul die id= veld in. U SMS behoort soortgelyk aan die volgende te lyk. title=Ds initials=TR surname=Smit profreg= id=3301222500787 COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

NB: U moet die SMS **aanstuur (forward)** na 31029 en **nie terugstuur (reply)** na die nommer waar dit vandaan kom nie.
Nota: Om enige tyd in die toekoms u besonderhede na te gaan of te verander, kan u presies dieselfde proses volg (Stap 2 en 3). Die SMS wat u sal ontvang, sal dan reeds u bestaande besonderhede bevat.

Stap 4: Om u aan u ***gemeente*** te koppel, stuur 'n SMS met die woord gemeente, gevolg deur 'n spasie en u gemeente se naam. Belangrik is dat die spelling soos in die Jaarboek gebruik word. Bv: Gemeente Bloemfontein-Noord. (Sien ook lys by: www.cpdsolutions.co.za/gemeente). Indien in nuwe gemeente herhaal bogenoemde met nuwe gemeente se naam.

Om u bywoning van 'n aktiwiteit te registreer:
Stuur die bywoningskode/s na 31029 deur 'n SMS te skryf wat slegs die kodes lys, bv: *B12345 B11111 B22222* (vyf kodes kan per SMS gestuur word).

Om u selfoonnommer te verander (Stap 1):
U moet die kodewoord "**numberchange**" gevolg deur u ou selfoonnommer stuur aan 31029 bv.: *numberchange 0831231234* **NB:** Hierdie SMS moet **van u nuwe selfoonnommer** gestuur word. U sal 'n SMS soortgelyk aan die volgende terug

ontvang: number=0831231234 number=0798881111 for TR Smit. IF THIS IS CORRECT, FORWARD THIS MESSAGE TO 31029 TO EFFECT CHANGE

Bevestig die verandering (Stap 2):
Indien die besonderhede soos verskaf korrek is, (sien voorbeeld bo) bevestig die verandering deur die SMS, net so sonder enige veranderings, aan te stuur **(forward, nie reply)** na 31029.

U kan u bywoning kontroleer op ons webwerf www.cpdsolutions.co.za. Toegang word verkry deur u selfoonnommer en 'n pinkode. Op die webwerf is 'n skakel wat die pinkode aan u sal SMS sodra dit benodig word. U kan ook, indien nodig, vir **Mev. Marina Oberholzer** by *Shepherd* kontak (shepherd@ufs.ac.za of 051 401 3995).
VBO-navrae
Hoe om u VBO-punte op die webwerf www.cpdsolutions.co.za na te gaan:

1. Gaan na die webwerf www.cpdsolutions.co.za.
2. Tik u selfoonnommer in by die gegewe spasie.
3. U pinkode behoort outomaties op te kom by die *password or pin* spasie. Indien nie...
4. Click op *Retrieve your pin*. 'n Pinkode sal na u selfoonnommer, wat u ingetik het, gestuur word.
5. Tik nou hierdie pinkode in.
6. U inligting behoort nou op die skerm te vertoon.
7. Indien u persoonlike inligting wil verander gaan na *my personal details* op die HOME skerm.
8. Indien u u selfoonnommer wil verander gaan na *CPS Solutions via SMS* op die HOME skerm.

Indien u VBO-punte wil registreer:
Tik die kode in die spasie verskaf waar daar staan *Submit code*. Net onder *Submit an activity attendance code*. Click dan op *Submit code*.

As u punte nie op die skerm verskyn nie, kan dit wees dat u gemeente nie aan u naam gekoppel is nie. Doen dan die volgende:

Om u aan u ***gemeente*** te koppel, stuur 'n SMS met die woord gemeente, gevolg deur 'n spasie en u gemeente se naam. Belangrik is dat die spelling soos in die Jaarboek gebruik word. Bv: Gemeente Bloemfontein-Noord. (Sien ook lys by: www.cpdsolutions.co.za/gemeente). Indien in nuwe gemeente herhaal bogenoemde met nuwe gemeente se naam.

Of

Gaan na www.cpdsolutions.co.za/gemeente.
Kies 'n sinode. (Druk *Soek*)
Kies 'n ring. (Druk *Soek*)
Die bladsy met *Koppel 'n gemeente aan u profiel* sal verskyn.
Tik u selfoonnommer in.
Kies u gemeente.
Druk *Koppel hierdie gemeente*.

Om u bywoning van ’n aktiwiteit te registreer:
Stuur die bywoningskode na 31029 deur ’n SMS te skryf wat slegs die kode lys, bv: *B12345*.
U kan die kode ook op die webtuiste van CPD Solutions invul waar daar staan *submit code.*

Shepherds4Africa

Shepherds4Africa is deel van die *Shepherd* Sentrum by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Die sentrum lewer aan ’n groot verskeidenheid inheemse kerke **opleidingsmoontlikhede**. Die *Shepherds4Africa* projekte is daarom steeds groeiend en ons visie vir die toekoms is dat dit na ander lande in Afrika sal uitbrei.

In Afrika en ons onmiddellike omgewing is daar Sondag vir Sondag predikers wat in gehuggies en onder bome die Evangelie van verlossing aan duisende mense verkondig. Hierdie predikers het ‘n definitiewe impak op die morele vesel van gemeenskappe. Om hierdie persone, nagenoeg 1 000 net in die Bloemfontein-omgewing, toe te rus met vaardighede en kennis is een van *Shepherd* se groot uitdagings. Dit word bewerkstellig deur kort leerprogramme waar hierdie predikers leer om basiese uitleg van die Skrif te doen, kommunikasie- sowel as pastorale vaardighede. ‘n Mentor word aangewys wat die leerders ondersteun en begelei. Dit tesame met die kursusmateriaal maak ons dit met u hulp finansieel moontlik vir hierdie predikers, met klein gemeentetjies, om die opleiding te doen.

Ons versoek aan u of u instansie is om in hierdie droom te deel en ‘n donateur van die Universiteit te word. Hierdie fondse is onmiddelik en uitsluitlik tot *Shepherd* se beskikking vir dié spesifieke projek. Die Universiteit reik ook ’n belastingsertifikaat uit, met die gepaardgaande belastingvoordeel. Sonder u ondersteuning kan ’n unieke projek soos hierdie nie uitbrei en die nodige ondersteuning aan mense in die bediening bied nie.

Om die volle program (soos hier onder uiteengesit) te deurloop sal dit ’n leerder huidiglik R6 000 kos. Hierdie koste sluit in lesingsmateriaal, mentorfooie, administrasiefooie en akkreditasie.

As donateur en vennoot in S*hepherds4Africa* sal u gereeld op hoogte gehou word van die mylpale wat bereik word. Gerhard Botha is beskikbaar om u te enige tyd persoonlik te besoek.